**Loslitdag behels meer as net ’n plakker ten bate van mense met gestremdhede**

**Luigia Nicholas***

Loslitdag word jaarliks op die eerste Vrydag in September (vanjaar op 1 September) gevier. Dit is ’n nasionale geldinsamelingsveldtog van die Nasionale Raad van en vir Mense met Gestremdhede (NCPD), ’n organisasie wat mense met gestremdhede bystaan. Dit is een van die grootste dae waarop Suid-Afrikaners op bewustheid rondom gestremdhede fokus en geld vir hierdie doel insamel.

Ek het vir die eerste keer met Loslitdag op laerskool te doen gekry, toe ons R5 vir ’n Loslitdagplakker betaal het om op daardie dag ons skooldrag vir gewone klere te verruil. Ons is nie altyd ingelig oor die doel van die geldinsamelingsprojek nie, net dat dit ten bate van kinders met gestremdhede was. As kind was dit altyd ’n prettige ervaring om nie skoolklere hoef te dra nie.

Namate ek ouer geword het, het die betekenis van Loslitdag en my begrip van “gestremdheid” verander, veral nadat ek met my gestremdheid gediagnoseer is. Dit het ook my siening oor gestremdheid en insluiting in die algemeen verander en ek dink dit is toe dat ek ’n kampvegter vir insluiting begin word het.

Terwyl ek op skool was, het ek nooit myself gesien as iemand met ’n gestremheid of dat ek “anders” is nie; ek het geleer om by my omgewing aan te pas. Ek het altyd gehoor my sig is swak, maar ek het nooit gevoel dis ’n gestremdheid nie, want dit is nooit só aan my verduidelik nie. Ek het nooit uitgesonder gevoel op skool nie, want my skool en onderwysers het my leermateriaal by my behoeftes aangepas en my dokters en ouers het gevoel ek hanteer die hoofstroomskool goed en dat ek nie na ’n skool vir spesiale behoeftes gestuur hoef te word nie.

Hierdie inklusiewe omgewing het aan my die geleentheid gebied om met my klasmaats en onderwysers te praat oor die soort hulp wat ek benodig het, en ek kon ook vir hulle idees gee oor hoe hulle hul leermateriaal kon gebruik om my in te sluit. Dit het my ook in staat gestel om ’n stem te hê wanneer ek uitgesluit gevoel het en om vir verandering voorbrand te maak.

Ek dink dit is belangrik dat skole oor gestremdheid praat, aangesien nie elkeen se skoolomgewing so aanpasbaar is soos myne nie, en nie alle kinders het dieselfde begrip as wat die meeste van my klasmaats gehad het nie.

Ek het eers begin besef hoe uitgesluit mense met gestremdhede voel toe ek universiteit toe is en nie meer tuis saam met my gesin en naby my vriende gewoon het nie. Ek het nog meer bewus geword hiervan toe ek my gidshond gekry het. Voordat ek my gidshond gekry het, het die meeste mense nie besef ek is blind totdat ek vir hulle gesê het nie. Hulle het net aanvaar ek ignoreer hulle of dat ek my oë moes laat toets. Met die koms van my gidshond het mense se ingesteldheid teenoor my verander en ek het begin voel ek hoort nie tuis nie, of dat sommige plekke nie vir my bedoel was nie.

Nadat ek hierdie gevoel dat ek uitgesonder word, oorkom het, het ek besef dat indien ek wou hê mense moet my laat tuis voel en dat ek hulle gelyke is, ek vir myself moes begin opstaan en mense moes opvoed oor my gestremdheid, my gidshond en veral belangrik, hoe om mense met gestremdhede by alle sfere van die samelewing in te sluit. Hierdie ondervindings het my op my leierskappad geplaas en my gelei na die pos wat ek vandag beklee. Dit het my gemotiveer om nog meer vir insluiting te veg en ander oor gestremdheidskwessies op te voed.

Gegewe my ondervinding op skool en later op universiteit, wens ek regtig skole sal leerders meer opvoed oor wat gestremdheid en Loslitdag is en hoe dit mense met gestremdhede beïnvloed. Ek

wens veral ook dat skole hulle kan wys watter wonderlike werk mense met gestremdhede en organisasies in ons samelewing doen.

Wat ons oor gestremdhede hoor en stigmas en vooroordele ten opsigte van gestremdhede maak dit vir mense met gestremdhede baie moeilik om aktief aan die samelewing deel te neem en daarom voel die meeste uitgesluit van die samelewing. Opvoeding is die sleuteloplossing vir hierdie probleem en indien ons openhartiger en meer vryelik oor gestremdheid praat, sal meer mense moontlik ingesluit voel.

Loslitdag gaan oor meer as net om ’n plakker ten bate van mense gestremdhede te koop; dit skep vir jou ’n platform om gehoor te word en vir ander om te luister. Die dag is ook ’n ideale geleentheid vir die gemeenskap om meer te wete te kom oor organisasies in hulle omgewing wat op gestremdheidsinsluitingswerk fokus of mense met gestremdhede bystaan.

Ons weet mense funksioneer verskillend en dat nie almal dieselfde dink of dat alle gestremdhede dieselfde funksioneer of lyk nie. ’n Gestremdheid is nie altyd aangebore nie, dit kan oornag gebeur, of ’n lewensveranderende ondervinding kan na jou gestremdheid lei. Nogtans moet ons proaktief optree om mense met gestremdhede by ons ruimtes in te sluit, en nie eers wag totdat iemand iets sê oor die feit dat hulle uitgesluit voel voordat ons iets daaraan doen nie.

***Luigia Nicholas is die bemarkings- en opleidingskoördineerder by die Eenheid vir Gestremdhede in die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling aan die Universiteit Stellenbosch.**